# HOOR JY DIE HERE SE STEM?

**Christo Nel**

## Inhoud

Inleidend....................................................................................3
1. Die begeerte van God se hart.....................................................5
2. My skape hoor My stem ..............................................................7
3. Hoe herken ek God se stem?.......................................................9
4. Wees stil in God se teenwoordigheid .......................................11
5. ‘n Inbeweeg in God se teenwoordigheid ...................................14
6. Om in die Gees God se prentjies te leer raaksien .......................19
7. Steurings tussen die sender en die ontvanger ............................23
8. Toets dit.....................................................................................28
9. Luister in die praktyk .................................................................31

## *Inleidend*

Een van die mees brandende vrae wat in die harte van lidmate uit die tradisionele Gereformeerde kerkfamilies, is die vraag na die wil van God. ‘n Mens kan dit ook formuleer as ‘n vraag of God vandag nog persoonlik met mense praat? Kan ek die Here se stem met my hoor praat? En as Hy met my praat, hoe herken ek Sy stem tussen al die stemme wat ek hoor?

Wat hier volg is kort kursoriese aantekeninge wat ek gebruik het tydens ‘n reeks bybelstudies hieroor. Gebruik dit gerus. Maar onthou: Dit is nie bedoel om volledig te wees nie. Dit is bedoel om jou terug te dwing na die Woord, en om jou te stimuleer om ‘n slag “nuut” oor hierdie vraagstuk in God se teenwoordigheid te mediteer.

Mag die Gees van God die swaard van die Woord gebruik om jou ook - soos vir my - in te lei in die teenwoordigheid van die lewende God, ons Vader in Christus Jesus, wat vandag nog met sy seuns en dogters persoonlik praat deur die Heilige Gees in ons.

Boeke wat my regtig met nuwe oë en ore hieroor na die Skrif laat kyk en luister het, was die boeke van Mark en Patti Virkler, *Dialogue with God* (1986.South Plainfield, NJ :Bridge Publishing, Inc.) en *Communion with God* (1993. Shippensburg, PA: Destiny Image Publishers).

Baie Christene in die Gereformeerde tradisie waaruit ek kom se Christenwees is

- geweldig rasioneel ingestel
- word oorheers deur reëls en allerlei Skrifbeginsels vir suksesvolle Christenwees
- beleef hulle gebedslewe as ‘n reeks monoloë waarin die stilte van God se kant af nie verbreek word nie en waar werklik nie sprake is van gebed as ‘n dialoog of tweerigtinggesprek met God nie.

Tog glo ek, saam met elke ander Christen, dat ons God se stem behoort te kan hoor. Dan nie net as ons die Bybel lees nie, maar ook as Hy met ons “hierbinne” praat. Daarom het ek werklik die Bybel gaan ondersoek in die lig van my eie ervaring en vrae hieroor, asook met ander Christene hieroor gaan gesels, en tot my verbasing ontdek dat my vrae ook duisende ander se vrae is.

Ek het in die proses Christene ontdek wat werklik intuïtief God se stem hoor en herken. Maar ek het ook ervaar dat die meeste van hulle nie vir jou kan leer om dit te hoor nie. Maar dan het ek ook mense soos Mark en Patti Virkler, en ander gelowiges ontdek, wat my geleer het hoe. Dat dit God se begeerte vir elkeen van ons is om Sy stem te hoor. En dat dit beslis nie die eie-besit is van ‘n groepie “supergelowiges” nie.

Ten spyte van baie keer se misluk, leer die Here ‘n mens om op die regte plekke en maniere te begin luister ...

- Om te leer om stil te word in Sy teenwoordigheid

- Om stadig maar seker ‘n spontane liefdesverhouding met Hom te ontwikkel
- Om oë en ore te ontwikkel wat leer om Hom raak te sien en raak te hoor
- Om neer te skryf wat Hy sê.

Ek het ook ervaar, soos baie ander, dat ons opsoek is na ‘n stem en dan ‘n Persoon vind. Dat ons soek na leiding en in die proses ‘n Herder vind. Dat ons soek na die wil van God en ‘n lewende, persoonlike verhouding met die Seun van God deur die werking van die Heilige Gees begin ervaar.

Dit het my hele lewe en die karakter van my Christenwees die laaste jaar of wat verander. En dit terwyl ek reeds sedert 10 Oktober 1969 Jesus as my persoonlike Verlosser en Here ken en bely!

Ek het in hierdie proses geleer om God se stem hier binne te herken tussen die ander stemme. My diens aan God het werklik meer en meer ‘n liefdesdiens geword. Nie net my lewe nie, maar ook my persoonlikheid en my hele bediening as geestelike leier en leraar, het in die tyd wat verby is verander.

Ek glo werklik dat hierdie restourasie van die tweerigtinggesprek tussen God en Sy mense, deel is van die restourasieproses in die Liggaam van Christus waarmee die Gees van God tans wêreldwyd besig is.

As ek terugkyk op die pad wat die Here met my geloop het, sien ek nie soseer ‘n soeke om God se stem te hoor nie, maar eerder ‘n honger om die Woord te leer ken. En die klem het werklik op “leer” gelê. My Christenwees was in wese logies, prakties, plat op die aarde, en uiters konserwatief.

Maar, veral in die laaste twee jaar, het ek telkens mense ontmoet wat van ‘n ander ervaring van Christenwees teenoor my getuig het. Ek het hulle hoor praat van “Die Here het vir my gesê ...”, en “Ek het vir die Heilige Gees daardie môre gesê ...”.

Tot my eie verbasing, beleef ek self op 7 April 1993, ‘n “moderne profesie”! En dit terwyl ek al die jare as predikant gemeen het dat profesie met die einde van die Ou Testament en die totstandkoming van die Nuwe Testament, tot ‘n einde gekom het.

Sedertdien het die Here my op ‘n ontdekkingstog deur Sy Woord geneem en my voorgestel aan die Heilige Gees as lewende Persoon met wie ek elke dag doelbewus ‘n persoonlike verhouding en geselsies kan hê. Hy het my van nuuts af gehelp om Sy gawes te leer ken en te gebruik, en my die toerusting van doop/salwing van die Heilige Gees in my eie lewe laat ervaar met die wonderlike seën wat dit vir my hele bediening ingehou het.

Toe bring Hy my op ‘n punt om in blote kinderlike gehoorsaamheid my te laat doop in navolging van die lering van die vroeg Christelike gemeentes soos ons dit in Handelinge vind.

Wat ek dus sê, is dat dit die begin was van ‘n opwindende nuwe liefdesverhouding tussen my en my Here wat elke faset van my lewe tot hier in die kern daarvan geraak en verander het.

Die sleutel tot die hoor van die stem van God hierbinne vind ek in Habakuk 2:1 en 2. ‘n Mens kan dit in vier stappe vir jou eie duidelikheid onderskei:
1. Gaan na ‘n stil plek en word stil in jou emosies en gedagtes
2. Leer om God se stem hier binne te herken - hoe dit klink tussen die ander stemme
3. Leer om deur drome en visioene God se wil vir jou lewe te ontdek
4. Skryf deur die hele proses neer wat jy hoor en sien.

Omdat ons God se stem moet uitken tussen ten minste drie ander stemme: (God se stem, satan se stem, en my eie vlees en begeertes s’n), moet ons vir onsself sekere remme en veiligheidsmeganismes in hierdie luister-proses inbou. Die mees betroubare remme is:

- **Die Woord van God.**

Iemand skryf “If I filled my mind and heart with the Bible, the Holy Spirit will draw forth the precise verses, stories, principles I need in a given situation.”

- **‘n Nederige, leerbare gees wat bevry is van arrogansie en eiesinnigheid.**
- **Laat dit wat jy neergeskryf het binne die Liggaam van Christus getoets word deur geestelike raadgewers of mentors.**
- Onthou **die Bybelse reël wat ons in Rom 12:3 en 4 vind**, naamlik dat God net aan jou openbaar waarvoor Hy jou verantwoordelikheid en outoriteit gegee het. Daarom sal God Sy plan vir die huwelik en gesin aan ‘n gelowige eggenoot openbaar, en Sy planne vir die gemeente aan die herder van die gemeente.

Sonder hierdie vier remme is jy in lewensgevaar. Satan is listig (1 Pet 5:8). Maar onder die beskerming daarvan is jy aan die begin van die grootste geestelike avontuur in jou lewe!

## *1. Die begeerte van God se hart*

God se begeerte is om elke oomblik van die dag in ‘n intiem-persoonlike liefdesverhouding met sy mense te wees, waar daar maksimum liefdeskommunikasie is. Dit sien ons oral in die Bybel.

1.1 In die tuin

Gen 3:8 en volgende verse wys vir ons hoe God as’t ware laatmiddag by sy mense ‘n koppie tee kom drink. Net om te gesels oor die gebeure van die dag. Hier het ons te make met die hart van God.

1.2 Deut 5:22-31

Ons is baie keer met soveel minder as dit tevrede. In plaas van ‘n persoonlike in-die-oë-kyk-verhouding met God, is ons tevrede met ‘n lysie wette (v 27,31). Terwyl Rom 3 en 6 uitspel dat die uiteinde van so ‘n wettiese lewe veroordeling, depressie, onvergenoegdheid, en uiteindelik die ewige dood is. Ons is tevrede dat daar heeltyd ‘n tussenganger (Moses, ‘n dominee

of ‘n pastoor) tussen ons en God staan wat namens ons by God moet hoor wat sy planne vir ons is.

Terwyl die Bybel Christenwees teken waar kinders van God elke dag persoonlik gelei en begelei word deur die Gees van God. Amper soos ons persoonlike “chaperone”.

1.3 Dawid
In ‘n Dawid se lewe kry ons seker een van die beste Bybelse voorbeelde van so ‘n persoonlike liefdesverhouding tussen God en sy mens. Kyk maar net na hom daar voor Goliat in 1 Sam 17. God gee hom letterlik die moed van ‘n Staffie!

En daar voor die ark in Jerusalem (2 Sam 6) bevry God hom van alle inhibisies en laat hom voor die ark uit dans soos ‘n kind.

Luister verder na al die emosies in sy verhouding met God soos ons dit hoor in die Psalms:

- as hy sy sonde voor God bely - Ps 51:2-4,9,14
- as hy sy vrees bely - Ps 142:1-2,5-6
- as hy sy vreugde in woorde oorsit - Ps 145:1-3; 150:1-2,6.

Daarom verbaas dit ons nie dat God in Sy getuigskrif oor hom skryf dat hy vriend van God was nie(Hand 13:22).

1.4 Jesus
In Jesus se lewe vind ons bewyse van ‘n intiem-persoonlike liefdesverhouding tussen Hom en die Vader. Hy beskryf hulle as “een”. (Kyk maar wat staan in Joh 14:10; 8:36; 8:28 hieroor). Sy lewe is werklik vir ons dié voorbeeld van ‘n fyn sensitiwiteit vir die “hoor” van die stem van God en die “sien” van die “prente” (visioene en drome) van God.

1.5 Martha en Maria
Blaai na Luk 10:38-42. Jesus kom kuier by sy vriende. Martha dink Hy verlang van haar om Hom te dien as ‘n goeie gasvrou. Daarom hardloop sy vir ure rond om die vleis te slag en gereed te maak, brood te bak en groente voor te berei. Terwyl Hy eintlik net een ding verlang het: dat sy die heel tyd in Sy direkte teenwoordigheid moes kom sit om met Hom te gesels.

Die Here soek nie in die eerste plek ons diens of evangelisasiewerk nie. Dit is ons wat so ingestel is op “produktiwiteit” en “show me the goodies”.

Dink maar oor die huwelik. Dit gaan mos nie in die eerste plek daaroor of ons daar is om mekaar te dien nie. Dit gaan mos eerder oor ‘n geniet van mekaar se teenwoordigheid, oor “shared love”.

1.6 Paulus
Sy diepste begeerte vir sy eie lewe verwoord hy in Fil 3:10 as “om Christus te ken”. Daarom bid hy vir ons die gebed in Ef 1:15-19.

Verstaan jy wat beteken dit om “Christus te ken”? Hierdie woorde in die Grieks dui ‘n intiem-persoonlike, steeds-groeiende liefdesverhouding aan. Ja, soos dié tussen ‘n man en sy vrou op alle vlakke in die huwelik.

1.7 Heb 12:18-25
God bied weer vir Sy kinders ‘n intiem-persoonlike liefdesverhouding met Hom dag-vir-dag aan. Moenie Hom weer wegwys nie!

1.8 Open 19:6,7
Die klimaks van die wêreldgeskiedenis is ‘n huweliksfees!

Tans beleef ons, as die toekomstige bruid van Christus, die verlowingstyd met ons Verloofde! En die hart van hierdie tyd is immers gesels, gesels, gesels ... Om ons hele lewe met mekaar te deel ...

## *2. My skape hoor My stem*

Die diepste begeerte van God is om ‘n intiem-persoonlike verhouding met elkeen van sy mense te hê. Om dag vir dag by hulle te kuier terwyl hulle aan Sy voete sit en met Hom gesels. Soos verloofdes wat, omdat hulle mekaar liefhet, mekaar net beter en beter wil leer ken.

Christenwees is dus nie maar net nog ‘n godsdiens tussen ‘n klomp ander godsdienste nie. Dit is ook nie ‘n stel etiese lewensreëls nie. Dit is ‘n liefdevolle verhouding met ‘n liefdevolle God-Vader in Christus Jesus deur die werking van die Heilige Gees.

Daarom is die Bybel ook nie net ‘n gewone boek nie. Heb 4:12 en 2 Tim 3:15 en 16 praat daarvan as ‘n “lewende Woord” omdat God daarmee letterlik in jou lewe inspreek.

Gebed is ook nie net om ‘n lysie dinge van God te vra nie. Nee, dit is werklik om met God te praat en Hom te hoor praat met jou.

In Joh 10 word die verhouding tussen ons en Jesus geteken as ‘n verhouding tussen die Herder en sy skape. Kyk maar wat staan daar in verse 3, 4, 14,15, 27 en 28 oor hierdie verhouding.

As gevolg van ‘n gedurige dag-vir-dag tyd deurbring in die direkte teenwoordigheid van die herder ...

- leer ken en vertrou hierdie skape hulle herder;
- kan hulle sy stem herken tussen baie ander stemme; en
- het hulle geleer om dit met vertroue te gehoorsaam (“te luister”).

Hoe meer tyd ons dus in die teenwoordigheid van Jesus Christus deurbring, hoe makliker sal ons Sy stem tussen ander stemme in ons lewe kan uitken.

Oral in die Bybel vind ons Bybelfigure wat gereeld baie duidelik God se stem in hulle lewens met hulle hoor praat het. ‘n Mens kan so maklik die fout maak

om te dink dat hulle “supergelowiges” was en dat hierdie soort verhouding met God uitsonderlik is en beslis nie vir jou en my bedoel is nie.

Dink maar aan iemand soos Elia.  Tog staan daar in Jak 5:17 dat hy maar soos een van ons was.

Heb 11:39 en 40 verklaar verder dat God selfs vir ons “iets beters” in die oog het as wat hulle ooit beleef het.  Christus het immers gekom (Heb 1:1,2), en die Heilige Gees is ook hier (Joh 14:26)!

Dit wat Eseg 36:26 en 27 belowe het, het gebeur met elkeen in wie se lewe die wedergeboorte waarvan Joh 3 praat, plaasgevind het.  Die sigbare bewyse dat dit daar plaasgevind het waar ons dit nie kan sien het nie, is tog dat ons hoor hoe iemand met sy mond sy sonde bely het, en Jesus Christus in die geloof aangeneem het as Verlosser en Here (Rom 10:9 e v).

Nou belowe die Woord verder dat Jesus self deur die inwonende Gees in elkeen van Sy gelowige kinders woon (Joh 14:17,18 en Rom 8:9).  God self is nou by ons en in ons elke oomblik van die dag deur die Heilige Gees.

Kom ons dink vir ‘n paar oomblikke oor die Heilige Gees, self God, wat in ons woon en werk.  Hy was eens vir ons ‘n Vreemdeling, maar nou het Hy ons Helper geword (“Parakletos” in die Grieks).  Sy ander naam is “Gees van die Waarheid”, want Hy gaan ons herinner aan alles wat Jesus gesê en gedoen het.  Hy gaan as’t ware heeltyd fokus op Jesus Christus as die Here.  En dus op God se wil, Sy planne, en veral Sy totale verlossings- en heilsplan vir ons lewe.  In die proses gaan Hy aan ons openbaar wat reg en verkeerd is.  Maar Hy is ook soos ‘n moeder wat ons wil troos, bemoedig, salf en verpleeg.  1 Joh 2:26 en 27 sê Hy gaan ons leer.  Hy is dus ook ons Onderwyser.

Die Bybelse prentjie van die mens is dat die mens bestaan uit gees, siel en liggaam.

- “Gees” kan ons beskryf as die mens se intuïsie, gewete en as die ontmoetingsplek tussen God en mens, daar waar God in ons kom “tabernakel”.  Rom 8:16 leer daarom dat die Heilige Gees in ons “gees”, of “met ons gees saam” getuig dat ons kinders van God is.
- “Siel” is die verstand, wil en emosies van die mens.
- “Liggaam” verstaan ons as die fisies-chemiese gedeelte van die mens.

Baie keer beleef ons die Heilige Gees se stem in ons as “spontane gedagtes” of “intuïtiewe gedagtes” wat by ons - in ons siel dus - opkom.

Dit is natuurlik veral vir ons as Westerlinge baie problematies, want ons is so rasioneel ingestel selfs wat ons verhouding met God betref.  Dit veroorsaak dat ons “doof” is vir God se stem wat op dié manier met ons praat.  En dit is nie omdat God nie met ons praat nie.  Dit is eerder dat ons dit nie “herken” as die stem van God wat as spontane gedagtes by ons opkom nie.

God praat deur die Heilige Gees heeltyd hierbinne ons met ons!  Dit is dus werklik ‘n Gees-tot-gees-gesprek wat ons beleef!

Kom ons blaai na Ef 5:8 e v, en lees hoe beskryf Paulus Christenwees in hierdie gedeelte. Let veral op wat in verse 8-10, 15-17 staan.

*'n Mens wil amper vra: Maar Paulus, hoe weet 'n mens wat die wil van God in elke situasie is? Hoe kan 'n mens verseker dat jy werklik die Here se stem herken?*

Dan antwoord Hy in Ef 5:18 "*laat die Heilige Gees julle vervul*". Dit is baie duidelik uit die Grieks dat dit hier gaan oor 'n keuse tot daaglikse vervul-wees met die Heilige Gees.

Vervulling met die Heilige Gees sou ons ook kon beskryf as "100% onder die beheer wees van die Heilige Gees." Ek luister dus net na Sy stem en geen ander stem nie.
Maar hoe is dit moontlik?

- Bely elke sonde in jou lewe waarvan die Heilige Gees jou oortuig in die teenwoordigheid van God.
- Maak 'n lys van jou mislukkings en behoeftes in jou lewe, en eien Christus se voorsiening daarvoor toe.
- Honger en dors na die volheid van die Heilige Gees waarvan Jesus daar in Joh 7:37-39 gepraat het.
- Buig 100% voor Christus as Here in elke area van jou lewe (Rom 6:11-13 en Gal 2:20)
- Bid dan dat die Heilige Gees jou hele lewe sal vervul (Luk 11:9-13), en glo dat God dit gedoen het.

As die Heilige Gees in beheer is in jou lewe, kan Hy jou lei soos Hy wil.

Hoe lei die Heilige Gees ons?

- Deur die Woord. Ef 6:17 noem nie verniet die Woord die "swaard van die Gees" nie.
- Deur die getuienis van die Gees self in jou (1 Kon 22 en Ps 37:4)
- Deur visioene, drome en profesieë (Hand 16:6-10)
- Deur donkies (Num 22) en omstandighede (deure wat oop of toe gaan) (bv Jona se lewe).

Gaan mediteer 'n bietjie oor wat daar in 1 Kor 1:18-2:16 staan.

## *3. Hoe herken ek God se stem?*

Die hart van Christenwees is dus werklik 'n Gees-tot-gees-gesprek wat dag vir dag moontlik in my lewe is (Rom 8:16). God praat direk met my gees hierbinne (daar waar my intuïsie, gewete en die ontmoetings- en blyplek van God is).

1 Kor 1:18 tot 2:16 praat hiervan as 'n "van Hart tot hart-gesprek". Hiervoor is 'n nuwe hart in ons noodsaaklik. 'n Nuwe hart met nuwe ore, nuwe oë, 'n nuwe wil en 'n nuwe verstand. Eers dan het ons 'n intuïtiewe aanvoeling vir

die stem van God, kan ons sien wat God wil hê ons moet sien, ervaar wat God wil hê ons moet ervaar, kies wat God wil hê ons moet kies en dink soos God wil hê ons moet dink.  Ons het dus werklik hierdie 5 nuwe "sintuie" nodig. En dit kry ons as die Gees van God ons wederbaar en aan ons hierdie nuwe hart gee.

Die sleutel tot die "hoor van God se stem" met ons nuwe ore (oë, emosies, wil en verstand) is dat ons dit sal herken as spontane idees, woorde, visioene, drome, en gedagtes wat by ons opkom.  Dit is dus nie die produk van 'n analitiese, logiese, kognitiewe proses van my verstand nie.

Ons probleem egter is dat dit nie net God se stem is wat ons so hoor nie. God se stem is maar een van baie stemme wat ons so kan hoor.  Daar is ten minste vier stemme waartussen ons in die proses moet onderskei, naamlik:

- die stem van my eie vlees of begeertes (Jak 1:14; 4:3)
- die Heilige Gees se stem (Mrk 13:11)
- die bose se stem (2 Kor 11:3)
- en dan is daar nog die stem van die gemeenskap rondom my

Al ons gedagtes is immers nie ons gedagtes nie!  Gaan lees maar wat staan daar in 2 Kor 10:4 en 5.  Baie van my gedagtes se oorsprong is die bose wat dit in my bewerk.

Maar aan die ander kant bely ons tog saam met Gal 2:20 dat Christus self in my lewe en, volgens Rom 8:14, my deur Sy Gees sal lei.  Daarom is dit vanselfsprekend dat van my gedagtes ook van die Gees van God kom!

Ek moet dus hierdie gedagtes gedurig toets om hulle oorsprong te bepaal:

- Toets hulle aan hulle karakter.  Dit strook immers met die bron/Bron waarvandaan hulle afkomstig is.  Hiervoor kan jy die name van die satan en die Name van die Heilige Gees gebruik.  Die satan word in die Bybel die volgende genoem: aanklaer, teëstander, leuenaar, bedrieër, vernietiger, veroordelaar, dief, moordenaar.  Die Heilige Gees, aan die anderkant, word die volgende genoem:  Advokaat, Helper, Trooster, Onderwyser, Skepper, Moeder, Geneser, Gewer van Lewe en oorvloed.
- Toets jou gedagtes aan die Bybel.
- Toets dit aan die mening van geestelike mentors en diegene wat verantwoordelikheid vir jou geestelike groei geneem het.

Wanneer ek na God se stem hier in my binneste luister, luister ek na spontane gedagtes wat by my opkom.  Om seker te maak dat dit God se stem is waarna ek geluister het, moet ek gaan neerskryf wat ek gehoor het, om dit verder te ondersoek.

Blaai saam met my na 1 Tess 5:19-22.  Hierdie gedeelte leer ons dus dat elkeen van hierdie spontane gedagtes of drome of profesieë getoets moet word of dit werklik van God kom!

Die finale en betroubaarste toets is of dit klop met wat in die Woord van God staan! (2 Tim 3:15-17)

Bespreek dit ook met ander Christene, maar veral met volwasse gelowiges wat jy deur die jare leer vertrou het as mense wat werklik ‘n sensitiwiteit het vir die stem van God (Spr 11:14).

Jy ken mos die toetse wat ‘n volwasse Christen, volgens die Bybel, moet aanlê as hy/sy op soek is na God se wil:

- Beleef ek vrede hierbinne? - Kol 3:15
- Wat sê die “stemmetjie hier binne-in my? - my ingeboude Urim en Tummim ( wat die stene was wat die priester van ouds gebruik het om God se ”ja" of “nee” te onderskei) - 1 Sam 28:6; 1 Kon 22:7
- Klop dit met die Woord? - Deut 13
- Realiseer dit? - Deut 18:22
- Bevestig dit Here dit deur tekens en wonders? - Luk 2:12; Rig 6:36.

Kom ons gaan lees nou wat in Joh 5:39 en 40 staan. As die hart van ons studie van die Skrif nie ‘n persoonlike ontmoeting met die lewende Jesus self is nie, is dit dood, en bewerk dit net die dood! As dit egter Jesus is wat self met ons praat, soos Joh 6:63 sê, bewerk dit lewe in ons.

Gaan lees nou wat daar in Rom 10:17 staan. Dit wat hier in die Nuwe Afrikaanse vertaling as “prediking” vertaal is, is die Griekse woord “rhema”. En dan is rhema werklik God se stem wat deur daardie Woord nou met jou gepraat het!

Daarom vertaal een van die Engelse vertaling hierdie vers as volg:

“*So faith comes by hearing, that is by having audience with God through fellowship of the Holy Spirit, and having come to my ears the individual words He is uttering to me*.”

Die effek van hierdie soort rhema in ons lewe is fenomenaal!

- Dit inspireer tot diens (Luk 5:5), en dan kwaliteit-diens wat nie net ‘n gejaag na wind is nie!
- Dit is die hart van ‘n effektiewe, oorvloedige bediening - Joh 3:34.
- Dit bring en bewerk lewe - Joh 6:63
- Dit gee aan my outoriteit, want God staan immers self agter my - Joh 14:10.
- Dit maak God se begeertes in my wakker - Joh 15:7.
- Dit bewerk geloof en groei - Rom 10:17.

## *4. Wees stil in God se teenwoordigheid*

Rom 12:1 en 2 praat daarvan dat God in Sy groot ontferming en genade ons deur die wedergeboorte nuut gemaak het. Soos baie ander teksgedeeltes leer, het Hy onmiddellik ons hart verander na een met 5 nuwe sintuie, naamlik

nuwe oë, ore, emosies, verstand en wil, deur die werking van Sy Gees. Daarmee kan ons werklik God se wil vir ons lewe leer ken.

Hierdie veranderingsproses waarmee God in my lewe begin het, gaan egter nog baie verder as dit. God wil nou ook my siel en liggaam 100% voor Hom in gehoorsaamheid laat buig. Daarom gaan die heiligmakingsproses, waarmee die Heilige Gees in my lewe besig is, ook my geheue, my verstaan van dinge, my wil, my emosies, my liggaam en kragte, en my vryhede begin verander en laat buig voor Jesus as Here.

Rom 12:2a laat ons besef dat elkeen van ons 'n private "biblioteek" hierbinne het waar 'n sekere manier van dink, gewoontes, gesindhede, optrede, en reaksies deur die jare vasgelê is. Dit was ons enigste naslaanbron om die lewe te hanteer voor ons bekering. Fil 2:7 beklemtoon dat ons eers na ons bekering besef dat baie hiervan die grootste klomp drek in God se oë was!

Toe kom die Heilige Gees en wederbaar ons. My eie prentjie hiervan is dat God met ons redding, letterlik hierdie ou biblioteek kom toemaak het! En kom maak Hy 'n splinternuwe biblioteek langs die oue oop met net een boek in, naamlik die Woord van God! Boonop gee Hy vir ons 'n Bibliotekaris om ons te help soek in hierdie nuwe Boek na wat ons nodig het, naamlik die Heilige Gees!

So begin 'n hele transformasieproses in ons lewens. 'n Mens kan dit amper 'n "battle of the wits" noem! In hierdie leerproses moet God se nuwe mens nou leer om elke keer na die nuwe biblioteek te hardloop,want uit gewoonte gaan ons gereeld na ons ou biblioteek hardloop!

Boonop gaan ons ontdek dat, selfs na ons bekering, hier in elkeen van ons nog "'n tier" woon wat nie net gereeld gaan knor vir mense nie, maar selfs vir God gereeld gaan knor. Dit is daardie tier waarvan 'n gedeelte soos Kol 3:5 en volgende verse praat. Baie keer is dit 'n stuk eiesinnigheid en 'n doen net dit waarmee ek vertroud is. Dit het mos die vorige keer gewerk! Num 20:8,11-13; 2 Kon 5:10-14 en 2 Kron 26:15b-21 praat hieroor. Natuurlik is dit ook die dinge wat frustrasie en bitterheid in ons veroorsaak en later in suiwer rebellie ontaard.

Daarom gaan God in hierdie transformasieproses in my lewe deur die werking van Sy Gees op verskeie maniere met my praat:

- Natuurlik gaan Hy die Bybel in hierdie proses gebruik. Alles rondom God se wil is tog daarin vasgelê, soos Ps 119:6-9, 105 sê.
- Maar Hy gaan ook met jou praat deur gebed. Daar in Sy teenwoordigheid gaan Hy jou leer wat Hom plesier. En daar gaan jy ook die vrede hierbinne beleef wat Kol 3:15 beskryf as 'n skeidsregter in jou lewe. Waar hierdie vrede verdwyn, weet jy daar is fout. En so bring God jou terug na die punt van oortreding, korrigeer die fout deur jou te laat skrum (jou terug te bring op jou knieë vir skuldbelydenis) en jou dan eers laat verder speel - met vrede in jou hart.
- God gebruik ook geestelike raadgewers, mentors en ander gesagsfigure in jou lewe soos Spr 19:20; 20:18 en 24:6 uitspel.

- God praat ook deur gebeure met jou,
- Asook deur visioene en drome
- En die sagte stem van die Heilige Gees hierbinne in jou
- Of deur gawes van die Gees, soos wanneer Hy iemand met ‘n profetiese woord of ‘n woord van kennis of ‘n woord van wysheid na jou toe stuur.

Maar deurgaans gaan die sleutel tot verandering lê in jou bereidheid om gehoorsaam te wees as God praat. As ons buig voor God se wil en dit begin doen, die tree gee wat God vra, lei God ons verder. Anders wag Hy geduldig tot ons gehoorsaam is voordat Hy enigsins verder praat. G’n wonder Spr 3:5 en 6 beklemtoon hierdie waarheid so nie!

Vanuit ons Gereformeerde tradisie is ons oor die jare geleer om werklik erns te maak met die Bybel as God se Woord aan ons. Daar was baie oproepe om dit werklik te leer ken en te bestudeer. Maar tog het iets êrens veroorsaak dat mense nie God se stem hoor as hulle met die Woord besig is nie.

Miskien lê ‘n deel van die probleem daarin dat ons nie werklik met ‘n verwagting dat God direk persoonlik met my gaan praat in God se teenwoordigheid inbeweeg het nie! Daarom gaan ek in die volgende paar bladsye ‘n bietjie gesels oor hierdie stil-word in God se teenwoordigheid met die verwagting in my hart dat Hy nou met my gaan praat!

Hierdie stil-word in God se teenwoordigheid word in sommige kringe as Bybelse meditasie beskryf, wat maar meestal as ‘n kombinasie van die volgende beskou word:

- ‘n luister na die spontane, intuïtiewe gedagtes wat hier van binne-af in my opkom as ek doelbewus in die teenwoordigheid van die Here gaan stil word; en
- ‘n analitiese ondersoeke en toets daarvan aan die hand van die Woord van God

Hierdie twee aksies hoef natuurlik nie altyd in hierdie volgorde plaas te vind nie. Soms lees en ondersoek ons eers die Woord, en dan praat God spontaan hier in ons binneste of andersom.

Hoe dit ook al sy, wat belangrik is, is dat ons sal stil word om Hom te hoor praat. Ps 46:10 praat hiervan. Hier gaan dit werklik oor ‘n ontspan in die teenwoordigheid van God.

Hoe kry ‘n mens dit reg?

- Soos Hab 2:1 en 2 sê: Kry vir jouself êrens ‘n stil plek en ‘n tyd om alleen te wees met God. Soos daar bo in die wagtoring.
- Vir baie van ons help dit om stil te word deur tyd deur te bring in lofprysing en aanbidding voor die Here. Of om te luister na sagte, rustige geestelike musiek. Toe Elísa moes stil word om God se wil te verneem het hy ook musiek gebruik om dit makliker te maak (2 Kon 3:15).

- Konsentreer ook daarop dat jou liggaam werklik ontspanne en gemaklik is. Ja, jy kan ook maar sit in die Here se teenwoordigheid soos wat Dawid daar in 1 Kron 17:16 gedoen het!
- As ek aan dinge dink wat deur die dag gedoen moet word, skryf ek hulle dadelik in my dagboek en vergeet verder van hulle in my stiltyd.
- Begin dan fokus op Jesus, soos Heb 12:2 sê. Sien jouself as verloste kind van God, beklee met Christus se geregtigheid, heiligheid, gehoorsaamheid (Gal 3:27 en 1 Kor 1:30) in die troonkamer van jou Vader-God (Heb 10:19-23).
- Soms is dit werklik nodig om geestelik uit te asem voor die Here en dan Sy genade letterlik in te asem. As die Heilige Gees jou oortuig van sekere spesifieke sondes in jou lewe, bely dit onmiddellik voor die Here (en so asem jy uit) en aanvaar dan God se genade in die geloof, asook Sy totale verlossing daarvan (en so geestelik in te asem).
- Herinner jouself daaraan dat jy in die direkte teenwoordigheid van die lewende God self is. Hy woon immers in jou lewe deur Sy Gees.

Vir die meeste van ons is hierdie stil-word nie so ‘n maklike proses nie. Ons is so gewoond daaraan om te presteer. Stil sit en stil-wees voel vir ons soos tydmors!

In Joh 15:15 noem Jesus ons “Sy vriende”. Kom ons begin dink aan ons stil-tye as tye saam met ons nuwe Vriend. Waarin ons aan ons vriendskap bou.

Hierdie vriendskap gaan deur dieselfde fases groei waardeur enige ander vriendskap normaalweg ontwikkel. Toets ‘n bietjie jou gesprekke in gebed met jou Vriend aan die volgende fases van vriendskap:
- Fase 1 – Dit is die fase van ‘n verhoudinge wat dinge nog ‘n bietjie styf en formeel is. Ons gesels gewoonlik net oor die wêreld en dit wat daar gebeur in die lewens van ander mense.
- Fase 2 - Vertroue begin tussen ons ontwikkel. E k begin gesels oor dit wat ek dink en voel.
- Fase 3 - Hierdie vertrouensverhouding verdiep. Ek begin om selfs my drome, foute en frustrasies te deel.
- Fase 4 - Intimiteit ontwikkel. Ek sit ontspanne stil saam met my Vriend, en ervaar ‘n bymekaar-wees wat woorde nie kan beskryf nie.
- Fase 5 - Ons word een. Ek word een met daardie Persoon in woord, daad, gedagte, emosie en wil. Dit is waarvan Jesus daar in Joh 15:4-8 gepraat het. En Paulus in Gal 2:20 praat. Waar iets van Sy heerlikheid in my begin reflekteer (2 Kor 3:18), en Sy karakter (Gal 5:22-23).

## *5. ‘n Inbeweeg in God se teenwoordigheid*

Ek wil graag ‘n bietjie verder gesels oor “stil-word” in die Here se teenwoordigheid.

Soms is dit vir my asof ‘n mens ‘n bietjie “instrumente” nodig het om jou daarmee te help. Een van die maniere hoe ek dit vir mense verduidelik is

deur dit so te beskryf: Ons verstand en gewone sintuie kan nie die heerlikheid van God se teenwoordigheid en Sy spreke met ons "opvang" nie. Net die Gees van God kan vir ons die "sintuie" gee om dit te hoor en te beleef (1 Kor 2:9-16).

En een van die wonderlikste "instrumente" wat ek ontdek het om my te help stil-word en te help iets beleef van die direkte teenwoordigheid van die Here hier by my, is die tabernakel van God soos ons dit in die Ou Testament geteken vind.

Ons kry op verskeie plekke in die Ou Testament en Nuwe Testament in groot detail beskrywings van die tabernakel. As jy 'n bietjie hierna wil gaan kyk, kan jy die betrokke gedeeltes daaroor in Eks 25, 26, 27, en 30; en Heb 9 gaan lees.

Heb 8:5 noem dit ook 'n afbeelding en 'n skadubeeld van die hemelse heiligdom. Behalwe vir al die heerlike waarhede wat dit inhou, beteken dit vir my ook dat ons in hierdie tabernakel 'n konkrete prentjie het van hoe om in te beweeg in die hemelse heiligdom, met ander woorde in die direkte teenwoordigheid van God.

Dit is baie belangrik dat jy 'n betroubare voorstelling in die hande moet kry van die tabernakel van Moses as jy wil hê die volgende gedeelte moet vir jou enige sin maak. (In die *Spirit Filled Life Bible* is daar op bl 120 en 137 goeie sketse hiervan).

Wat ek doen om myself te help om iets te beleef van 'n "inbeweeg" in die direkte teenwoordigheid van God, is om daar waar ek stil word in God se teenwoordigheid, die tabernakel vir myself voor te stel en letterlik, soos die Jode van ouds, met die kennis van die Nuwe Testament en geloof in Jesus Christus in my hart, om die tabernakel te loop, dit binne te gaan, van een na die ander voorwerp daarin te stap, die Heilige in te beweeg, en daarna die Allerheiligste. En die wonderlike hiervan is dat ek werklik beleef het dat die Here dit gebruik om met my te praat en dat dit my gehelp het om iets van God se teenwoordigheid te ervaar deur die werking van Sy Gees.

Kom ek verduidelik net wat ek bedoel met die begrip "direkte teenwoordigheid van God", of soms net bloot "teenwoordigheid van God", wat ek gebruik: Omdat God oral op aarde teenwoordig is, is die teenwoordigheid van God waarvan ek hier praat eerder dit wat ek as kind van God beleef daar waar ek doelbewus stil word om te hoor wat die Here wil sê. Daar beleef ek immers God as Vader, op wie se "skoot" ek kan gaan sit om met Hom te gesels.

Daar is soveel wonderlike waarhede wat opgesluit lê in hierdie tabernakel dat ek nie eers gaan poog om volledig te wees in my behandeling daarvan nie. Wat hier volg is eerder net 'n kort opsomming wat jy kan gebruik om van die waarhede raak te vat:

BUITEKANT DIE TABERNAKEL

Stap in jou voorstelling al langs die sesvoet-hoë, spierwit mure van die tabernakel af.  Dit is net hoog genoeg sodat die meeste van ons nie kan sien wat binne is nie.  En dan is dit boonop wit ook.  Wat ons help om na te dink oor God se heiligheid en dat nie sommer enigeen net kan instap by Hom nie.

DIE INGANG
Daar is net een ingang na die tabernakel toe, en dit is aan die oostekant, daar waar die son opkom.

Dit help ons om te verstaan wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het Hy is die "Deur", of die "Enigste Weg na die Vader".  In Ps 84:12 word God ons Son genoem, en in Joh 1 word Jesus as die Lig van die wêreld beskryf.  'n Mens kan sê Hy is die "Son" wat opgekom het in 'n donker wêreld.

Die materiaal-deur van blou, rooi en pers laat ons aan die volgende waarhede dink:

- dat God deur Jesus uit die hemel Sy hand na ons uitgesteek het
- die bloed van Jesus moes vloei sodat ons met vrymoedigheid kan ingaan in die Heilige God se teenwoordigheid
- Hy wat die Koning is van alle konings.

ALTAAR
Die altaar waarop al die offers geslag en verbrand is, herinner ons aan die kruis waaraan die Lam vir ons sondes moes Versoening doen.  Al ons ongeregtigheid het op Hom neergekom, die Een sonder gebrek.  Sodat God ons 100% kan vergewe en daar nou geen veroordeling meer teen ons is nie.

Soos niemand in die Ou Testamentiese tyd kon inkom in die tabernakel sonder 'n offerdier nie, kan ons ook nie in God se direkte teenwoordigheid ingaan sonder 'n geloofsverhouding met die Lam nie.  En daarvoor was die kruis nodig.

Maar wat verder belangrik is om te onthou is dat daardie kruis twee kante het: Aan sy voorkant het Jesus vir ons gehang, maar aan sy agterkant hang elkeen van ons nou.  Christen-wees beteken om nie meer te lewe nie, maar om dood te wees, gekruisig te wees (Gal 2:20) sodat Christus in jou deur Sy Gees kan lewe.

Kan ek jou vra:  Hoe dood is jy?  As jy nog lewe en hieronder die kruis rondstaan, is jy in God se pad.  En verder veroorsaak dit boonop dat ons sukkel om God se stem in ons lewe te hoor.

DIE KOPER WASKOM
Elkeen wat dit waag in die teenwoordigheid van die Here moet skoongewas wees.  Soos die priesters van ouds daar hulle hande en selfs hulle voete gewas het - veral as hulle moes inbeweeg in die Heilige in - herinner dit ons aan wat Jesus daar in Joh 13:10 gesê het, naamlik dat dit vir ons wat in Christus is, net nodig is om ons hande en voete te was.

Die feit dat Jesus ons reeds gewas het met Sy bloed word gesimboliseer deur die teken van die waterdoop.  Na ons doop is dit net vir ons nodig om, soos wat die Heilige Gees ons daagliks oortuig van sondes in ons lewens, ons bereid moet wees om dit te erken en te bely, vergiffenis daarvoor te vra, en God se genade daarvoor in die geloof te aanvaar, om verseker te weet dat God my daarvan verlos het.

Hierdie water herinner ons ook aan dit wat die Gees van God deur die Woord van God in ons lewens doen.  Hoe meer ons bereid is om onbevange te luister en te buig voor die Woord, hoe beter kan Hy ons reinig en heilig.

DIE TENT

Kom ons stap nader aan die tent van die tabernakel self.  Dit tref my altyd hoe onaantreklik die tent van buite lyk.  Dit is immers maar gewone bruin vel aan die buitekant wat dit moet beskerm teen wind en weer.

So baie mense kyk bloot vas teen hierdie onaantreklikheid ... soos wat baie mense bloot vasgekyk het teen die gewoon-menswees van Jesus en nie raakgesien wie Hy werklik is nie.

Onder hierdie vel is daar nog rooigekleurde ramsvelle, wat ons herinner aan die bloedoffer van Jesus.  En dan is daar onder dit bokhaar, wat ons herinner aan die sondebok van ouds.  Onder dit is daar dan blou, rooi en pers materiaal met prente van serafs daar op.

DIE HEILIGE

Kom ons stap daarna by die deur van die Heilige in (wat weer soos dié by die ingang lyk).

Onthou net, hier kon net ‘n priester vanouds instap.  Maar gelukkig is ons mos priesters in Christus Jesus, soos 1 Pet 2:9 en 10 uitspel!

Binne-in die Heilige is daar drie voorwerpe:

- Regs staan die tafel oorgetrek met goud, met die twaalf toonbrode daarop.  Dink net watter pad moes die koring nie loop om hier te kan lê as brood nie.  Eers moet die saad gesaai word, sterf en dan eers kan dit vrug dra.  Dan word dit geoes, fyn gemaal deur klipharde klippe tot meel.  Dan word dit geneem, gemeng met water en olie, geknie en dan in hitte gebak tot brode.  Jesus het Homself die Brood van die lewe genoem.  Dié wat van Hom eet sal nooit weer honger kry nie.  Kom ons dink daaraan dat die pad van die koring ook die pad is wat die Here met ons loop.  Daar waar ons bereid is om te sterf, bereid is om gemaal te word deur gebeure en deur mense, bereid is om gemeng te word met die water van die lewe, die Woord en die olie van die Gees, geknie word deur die Gees van God en gebak word deur die hitte van vervolging en beproewing, daar kan ons weer vir mense in ons lewe die Brood van die lewe aanbied.
- Links staan die goue kandelaar met sy sewe kleiner kandelare met hulle pitte en die oliebak in die middel, wat die sewe kandelare voed met olie.  Hierdie kandelaar brand dag en nag.  Dit laat ons dink aan

waar die Heilige Gees die wedergeboorte in ons lewens bewerk het. En ons nuwe harte gegee het met 5 nuwe sintuie, nuwe oë, ore, verstand, emosies en wil, sodat die Lig van Jesus die donkerte in ons lewens kon verdryf. In Sy lig begin ons die ware boodskap en betekenis van die Woord raaksien. Maar ons het daagliks ‘n behoefte om opnuut gevul en aan die brand gehou te word deur die olie van die Gees. Alleen deur sy krag en werking in ons lewens, kan ons getuies word, lig word, in hierdie wêreld (Hand 1:8 en Mat 5:14).

- Die laaste voorwerp in die Heilige is wierookaltaar. Hierdie altaar het reg voor die deurgang na die Allerheiligste gestaan. Dit was heeltemal oorgetrek met goud en twee keer per dag, vroegoggend en met sonsondergang, is wierook daarop gebrand, met lofprysing en aanbidding. Dit is daarom die gepaste tyd in ons stil-wees in die Here se teenwoordigheid wat ons in lof en aanbidding voor God kan oorgaan, soos Heb 13:15 ons oproep. (Vergelyk ook Open 8:3-5). Iemand het gesê dat die tafel en die toonbrode simboliseer Jesus se Heerskap in ons wil. Waar ons kies om gemaal te word, as dit nodig is. Die lamp simboliseer Sy Heerskap daar in ons verstand waar die Gees van God ons verstand verlig het. En dan verteenwoordig die wierookaltaar Christus se Heerskap oor ons emosies.

In die gang van elke dag fluktueer ons as gelowiges soms so tussen uitermatige blydskap en die dieptes van depressie. Daarom het ons elkeen so ‘n behoefte om weer Christus as ‘n realiteit in ons lewe te ervaar, Sy stem te hoor, en deur Hom vertroos te word. Dan het ons moed om weer vas te hou in geloofsvertroue aan Sy beloftes, en kan daar weer balans en perspektief in ons lewe kom.

Die pad daarheen, en die inbeweeg in die Allerheiligste is deur lofprysing, aanbidding en gebed. Om 1 Tess 5:16-18 te gehoorsaam.

DIE ALLERHEILIGSTE
Hier het die Hoëpriester net een maal per jaar inbeweeg. Maar met Jesus se dood het die voorhangsel van blou, rooi en pers materiaal van bo tot onder middeldeur geskeur. Met ander woorde God het dit met Sy eie twee hande gedoen. Deur die soendood van Jesus kan ons met vrymoedigheid in die Allerheiligste instap(Heb 10:19 e v).

Hier staan die ark van die verbond, oorgetrek met goud. Binne-in is die twee kliptablette waarop die Tien Gebooie staan, wat God se wil verteenwoordig vir elkeen van Sy kinders. Wat vertel van God se genade wat sondaars kan red uit ‘n lewe van slawerny in Egipte en hulle kan inlei in ‘n nuwe Kanaän, ‘n land van melk en heuning, waar hulle as heilige mense moet lewe soos God dit wil.

In die ark lê ook die staf van Aäron wat begin bloeisels dra het as ‘n aanduiding wie die mense is wat God uitgekies en gesalf met Sy Goddelike salwing. En almal wat hulle nie aanvaar as God se gesagdraers nie, moes weet hulle is in opstand teen die lewende God self.

Hier lê ook ‘n pot met manna, wat getuig van God se bonatuurlike versorging. En dit herinner ons dat elkeen van ons daar in die direkte teenwoordigheid van God deur Hom gevoed word met bonatuurlike voedsel. Omdat Hy ons voed met Sy Woord, Sy krag en genade, kan ons die beproewing en woestyntye in hierdie wêreld met vertroue hanteer, en kan lewende water uit ons na ‘n wêreld vol honger en seer daar buite vloei (Joh 7:37-39).

Die deksel van hierdie ark word die genadetroon van God genoem. Maar ook die versoendeksel waar God self tussen die twee goue gerubs sit - wat bo-op met hulle gesigte na mekaar en met hulle vlerke uitgesprei sit. Daar ontmoet ons die lewende God self, van aangesig tot aangesig. Daar kan ons soos vriende gesels. Soos ‘n Vader met sy kind, want God self het mens en God weer met mekaar versoen. Dit het die lewe van God se eie Seun gekos, sodat daar weer ‘n intieme, liefdesverhouding tussen die Verbondsgod en ons as Sy verbondsmense in Jesus kan wees.

Mag hierdie omstap, instap en deurstap van die tabernakel ‘n instrument wees om jou te help inbeweeg in die direkte teenwoordigheid van die lewende God. Mag dit jou help om stil te raak, sodat jy Sy stem met jou kan hoor praat en jy met Hom kan praat.

## *6. Om in die Gees God se prentjies te leer raaksien*

Blaai ons terug na Habakuk 2, sien ons dat God ons daar vier dinge wil leer, naamlik:

- Om te leer om stil te word in Sy teenwoordigheid
- Om stadig maar seker ‘n spontane liefdesverhouding met Hom te ontwikkel
- Om oë en ore te ontwikkel wat leer om Hom raak te sien en raak te hoor
- Om neer te skryf wat Hy sê.

Van hierdie vier dinge het ons reeds oor die eerste twee gesels, asook hoe om ore te ontwikkel om God se stem te herken. Daarom wil ek nou graag met jou oor die prentjies gesels wat God soms gebruik in Sy gesprek met ons.

**Habakkuk 2:1 sê: “... ek wag om te verneem ...** (volgens die Nuwe Afrikaanse Vertaling). Maar eintlik staan daar in die Hebreeus: ”... ek wag om te kyk ..." As God met ons praat, praat Hy nie net met ons ore nie. Hy praat ook soms met ons oë! Sodat ons kan sien. Soms gee Hy aan ons ‘n visie, ‘n visioen, of dalk ‘n droom om so vir ons ‘n prentjie te gee van Sy planne.

Miskien is dit ook vir jou nuut! Ek het nooit voorheen besef dat God vandag nog so met mense wil praat nie. Tot ek begin rond blaai het in die Bybel en gesien het dat daar op meer as ‘n honderd plekke in die Bybel staan dat God so met mense in die Ou en Nuwe Testament gepraat het!

Kom ons beperk ons net tot ‘n paar dele in die Nuwe Testament om dit raak te sien. Blaai byvoorbeeld na gedeeltes soos Hand 2:17; 7:55; 9:10; 9:12; 10:3,4; en 16:9.

Toe God aan jou 'n nuwe hart gegee het, het Hy nie net een gegee met nuwe ore wat kan hoor nie, maar ook een wat oë het om nuut te kan sien! Dit is tog wat in Ef 1:17 en 18 ter sprake is.

Dit lyk vir my dat geestelike volwassenheid vra dat ons sal leer om beide ons hoof en ons hart te gebruik! Dat ons sal leer om na God te luister met ons analitiese, logiese ore en verstand, asook met die intuïtiewe en kreatiewe deel van ons menswees!

Gaan luister net weer na dit wat daar in Hand 2:17 staan ...

Onthou dan dat die begrip "laaste dae" hier dui op die tydperk van die Pinkstergebeure af tot net voor Christus se wederkoms. Ons lewe dus ook nou in "die laaste dae"! Drome en visioene is dus deel van die manier waarop die Heilige Gees met ons besig is. Daarom kan ons verwag dat God in hierdie dae waarin Hy sy bruidsgemeente herstel, ook die plek van drome en visioene sal herstel as deel van Sy dialoog met sy mense.

Natuurlik het die Westerse samelewing waarin ons lewe, met sy geweldige stuk rasionalisme, ons almal beïnvloed. Daarom is hierdie manier van praat van God vir die meeste van ons lewensvreemd! Om die waarheid te sê, dit tas die hart van ons sekerhede aan, want dit laat ons byna "buite beheer" voel. Maar dit maak nog nie dat dit nie deel kan wees van God se metodes om met jou te kommunikeer nie!

In die Westerse samelewing het die sekulêre wêreldbeeld van "net wat ons kan sien en in 'n proefbuis kan bewys is waar" ons almal in sy seekatkloue vasgegryp. En in die proses het ons so oorgehel na die rasionele, dat daar feitlik nie plek is vir 'n God wat deur Sy Gees op wyses met ons praat en onder ons besig is, wat ons nie altyd met ons rasionele verstand kan vaspen of kan uitredeneer nie.

Daarom moet ons God vra om ons ook hierin heel te maak. Om te herstel wat die bose deur allerlei invloede oor die jare van ons gesteel het.

Onthou dit gaan nie hier oor dagdromery nie. Ook nie oor daardie drome wat jy gewoonlik droom nie. Nee, waaroor dit hier gaan is daardie drome of visioene wat God in my gees bewerk.

God wil soms vir my 'n prentjie gee wat my kan help om beter met Hom te kommunikeer. Miskien wil Hy my help om Hom langs my te sien sit. Soms wil Hy my so wys hoe Hy die seer in ander mense se lewens met Sy genade-salf wil dokter.

In die Grieks word verskillende woorde en uitdrukkings gebruik om na hierdie ontmoeting met God en hierdie wyse van spreke van God te verwys. Hulle is soos volg:

- Onar - "droom" soos in Mat 1:20; 2:12,13,19,22.

- Enupniom - " 'n visioen wat jy in jou slaap kry", soos in Hand 2:17 en Judas 8.
- Opasis - " 'n bonatuurlike visioen" spesifiek in Hand 2:17 en Op 9:17.
- Optasia - "'n visioen" of "selfopenbaring", soos in Luk 1:22; 24:23; Hand 26:19.
- Ekstasis - waar die Engelse woord "ecstasy" vandaan kom, soos in Mrk 5:42; 16:8; Luk 5:26; Hand 10:10.
- Ginomai en pneumati - "om deur die Gees weggevoer te word", soos in Op 1:10; Luk 1:41 en 4:1.
- Ephistemi, paristemi - "in 'n visioen verskyn" en "by hom staan", soos daar in Hand 16:9 en 23:11 respektiewelik.
- Apokalupsis - "openbaring" en spesifiek "bonatuurlike openbaring", soos in Rom 16:25; en 1 Kor 14:6,26.

Kyk 'n mens na die situasies waarin die Here op hierdie manier met Sy mense in die Skrif gepraat het, merk ons die volgende op:
1. Ons sien in die Skrif gevalle van gelowiges met wie God op die manier in 'n droom gepraat het.
2. Soms kom daar net 'n heel spontane gesig of visioen by gelowiges op waardeur die Here met hulle praat.
3. Baie keer praat God met Sy mens daar waar hy/sy in gebed of in aanbidding in die teenwoordigheid van God is. Ons lees bv hiervan in Dan 7:1,13,15.

Dit is veral na hierdie soort spreke van God waarna ek in hierdie gedeelte verwys. Hierdie soort spreke van God met die mens het ook in Jesus se lewe 'n geweldige belangrike rol gespeel. Kyk gerus na gedeeltes soos Joh 5:19 en 20 en Joh 8:38.

Dit was een van die dryfvere in my lewe wat my laat erns maak het met hierdie soort spreke van God. Ek het net besluit dat ek graag ook wil leef soos Jesus geleef het. Ek wil nie net reageer op wat ek met my fisiese oë en ore sien en hoor nie, maar ek wil reageer op dit wat ek met my geestelike oë en ore sien en hoor (2 Kor 4:18).

Dink verder oor iets soos 'n gelykenis waarvan Jesus gereeld gebruik gemaak het in Sy spreke met mense. Wat is 'n gelykenis anders as spreke deur 'n prentjie - al is dit dan in woorde! Boonop noem die Bybel selfs vir Jesus 'n prentjie/beeld van die lewende God in Kol 1:15!

Ek glo dat ons lewe in 'n tyd waarin die Here besig is om weer opnuut die regmatige plek van die Heilige Gees in die bruidsgemeente te herstel. Daarom glo ek ook beleef ons tans wêreldwyd dat Hand 2:17 meer en meer die normale ervaring sal word van gelowiges en nie meer slegs die buitengewone nie.

Ek wil jou verder wys hoe God met Abraham, die vader van alle gelowiges, op dié manier gepraat het. 'n Mens kan drie fases in hierdie proses in sy lewe onderskei:

**1. Fase 1 - Konsepsie**
Hy hoor die stem van die Here - Gen 12:1-3
Hy sien met die oë van geloof - Gen 15:5-6

**2. Fase 2 - Inkubasie**
Hy het begin dink met 'n hart van geloof - Rom 4:20,21
Hy spreek 'n woord van geloof - Gen 17:5
Hy tree op in geloof - Gen 17:23

**3. Fase 3 - Geboorte**
Hy ontvang die geloofsbelofte - Gen 21:5

Lyk vir my in die praktyk is daar ten minste drie voorwaardes wat nagekom moet word voor die Here met jou op hierdie manier kan kommunikeer, naamlik:

1. Hy sal jou vanuit die Skrif moet oortuig dat dit 'n Bybelse manier is waarop Hy ook met jou wil praat.
2. Dan sal jy moet tyd maak om spesifiek eenkant te sit vir God om op hierdie manier met jou te praat. Ons sal as't ware van vooraf moet oefen om ook sensitief vir hierdie soort spreke van God te wees. Maak dus spesifiek tyd om vir die Here te vra: Vader, is daar enigiets wat U vandag vir my wil wys?
3. Dan sal ek in geloof moet aanvaar dat Hy ook so met my sal praat. Heb 11:6 is immers 'n belofte wat ook in hierdie geval vir my geld!

Ek glo werklik dat, as ons ook op hierdie manier na die Here begin luister, gaan ons ontdek dat daar al die jare 'n ander soort "telefoon" - noem dit sommer 'n "TV-telefoon"- in ons binnekamer gestaan het waardeur die Here ook met ons wil gesels! Ons moet maar net begin erns maak hiermee en "kykers" word om te beleef waarvan Ef 1:17 en 18 praat.

'n Manier wat my gehelp het om hierdie "vermoë" beter te verstaan was deur daaraan te dink as 'n groot rolprentskerm wat hier binne-in my is waarop drie projektors verskillende beelde projekteer. Een van hierdie projektors is satan s'n; die ander is myne; en die ander een behoort aan die Heilige Gees.

Wat ek in die eerste en tweede geval bedoel, praat ons gewoonlik van as ons "verbeelding". Ons ken dit almal baie goed, naamlik waar die bose en ek allerlei prentjies vir myself teken wat my bv bekommerd maak, of begeer, of die bobbejaan agter die berg laat haal in situasies, of 'n berg van 'n molshoop maak. Daar in ons verbeelding word die meeste van ons angste gebore, maar ook sinlike begeertes, elke buite-egtelike verhouding, moord, diefstal of bedrog. Dit is daar waar ek lekker sit en fantaseer.

Daarom glo ek kan die Heilige Gees ook Sy "projektor" gebruik om ons dieper as blote verbeelding in te lei in 'n wyse van geestelike dialoog met ons lewende Here en Meester waardeur Hy in prentjies met ons kan praat.

In die praktyk kan jy die volgende as wenke gebruik om jou te help om 'n "kyker" te word:

1. Word doelbewus stil in die Here se teenwoordigheid en vra dat Hy volle beheer oor jou sal hê deur die werk van die Heilige Gees. Dit sal jou ook beskerm teen enige beïnvloeding van buite (sy dit deur jou vlees of selfs deur die bose).
2. Stel vir jou 'n Bybelse toneel voor – s oos waar Jesus daar langs die put met die Samaritaanse vrou gesels het. Maar hierdie keer is dit jy wat met Hom gesels!
3. Fokus doelbewus deurentyd net op Jesus en raak bewus dat Hy by jou is om ook met jou te praat.
4. As jy byvoorbeeld vir iemand voorbidding doen, sien hoe Jesus hierdie persoon ontmoet en bedien met Sy genade.
5. Vra die Here om selfs in jou slaap met jou in jou drome te gesels as Hy wil. Skryf dan onmiddellik in die oggend neer wat jy gedroom het.
6. Bid onder die leiding van die Heilige Gees. Hiervoor is jou gebedstaal wat die Heilige Gees jou gegee het, 'n wonderlike hulpmiddel.
7. Konsentreer daarop om heeltyd vir die Here te sê hoe lief jy Hom het, en loof en aanbid Hom vir wie Hy is.
8. As die Here dan met jou praat, moet jy dit elke keer neerskryf so goed jy kan, om dit aan die Woord van God te toets. Deurentyd bly die Woord van God ons enigste norm en toets vir wat waarheid is en wat werklik van God af is.

Mag hierdie wyse van "terugpraat" van God se kant af ook deel word van jou gesprek met jou Vader en Here.

## *7. Steurings tussen die sender en die ontvanger*

In ons werklike soeke om die stem van die Here elke dag in ons lewe te hoor, ontdek die meeste van ons hierdie steurings in hierdie gesprek tussen ons en ons Vader. In enige kommunikasiekanaal kom daar soms steurings voor wat die kommunikasie kan versteur of selfs onderbreek. Hoeveel te meer is dit nie moontlik tussen die heilige God en Sy kind op aarde nie.

In die stilword-fase, waarvan Hab 2:1 ons geleer het, kom die Heilige Gees en maak ons bewus van sulke blokkasies aan ons kant. Ps 66:18 noem een van hierdie blokkasies, naamlik onbelyde sonde. Onbelyde sonde vorm 'n muur tussen ons en God wat enige moontlikheid van sinvolle dialoog tussen die Vader-God en Sy ongehoorsame kind by die wortel afsny.

"Maak eers reg wat jy weet jy verbrou het, dan praat ons verder ..." is woorde wat jy nog gereeld gaan hoor in jou gesprekke met jou Vader.

Daar is ook ander versteurings wat dit vir ons baie moeilik maak om onbevooroordeeld te luister na wat gesê word. Om jou te help om dit in jou eie lewe te herken, wil ek hê dat jy baie eerlik die volgende vrae moet beantwoord. Ek gaan vir jou 4 situasies skets en dan kies jy, na jou mening, die beste antwoord:

**Situasie 1**

Dit word bekend dat ‘n baie bekende Christenleier besig is om gereeld met skynbaar “obskure” karakters te assosieer. Daarom is dit vir ons die beste om ...
a. hom lief te hê en sy optrede te aanvaar
b. te bid vir sy terugkeer na gesonde Christelike verhoudings
c. in die privaatheid na hom te gaan en hom te gaan vermaan
d. hom in die openbaar daaroor te vermaan.

**Situasie 2**
‘n Leier vermaan mense om nie diepere waarhede sommer met enigeen te deel nie, want alle mense is nie altyd geestelik ingestel om dit te verstaan nie. Dit is ‘n voorbeeld van ...
a. geestelike arrogansie/hoogmoed
b. geestelike isolasie
c. wysheid.

**Situasie 3**
‘n Jong leier lei sy mense om een van die Tien Gebooie te breek, soos wat dit vir jare al geïnterpreteer is in jou kerk. Hy leer hulle dat die mens se behoeftes belangriker is as die interpretasie van die gebod. Vir ons is dit die beste om hom ...
a. te verklaar as ‘n dwaalleraar
b. om hom te vra waarom hy dit doen en probeer om sy siening te akkommodeer in die lig van die Skrif
c. probeer om sy volgelinge weg te kry uit sy geselskap.

**Situasie 4**
‘n Jong “geestelike leier” kom in julle dorp aan en begin om mense weg te trek uit gevestigde kerke met sy charisma en baie nuwe interpretasies van die Skrif. Sy siening van sake verskil baie van wat die kerke glo. Verder stroom die mense na hom toe omdat hy boonop groot wonderwerke doen en selfs vir siekes bid en hulle gesond word. Dit sal die beste wees om ...
a. ‘n goeie afstand tussen julle te behou en nie te betrokke te raak by hom nie
b. ander te vermaan om by hom betrokke te raak
c. alle moontlike maniere te probeer om sy outoriteit te ondermyn deur aan te toon waar hy afgewyk het van die leer van die gevestigde Christelike kerk oor die laaste paar honderd jaar
d. gaan en luister na hom, en probeer verstaan wat hy glo en van waar sy krag kom. Gaan dan terug Skrif toe en probeer om hom reg te bewys
e. probeer om aan te toon dat sy mening baie soortgelyk is aan ander kultiese groepe
f. probeer jou en jou gemeente se oortuigings werklik weer in die lig van die Skrif te toets en aan te dui dat dit sê wat die Skrif sê.

**ANTWOORDE:**
**Situasie 1:** Die korrekte antwoord is **(a)**. Vgl Mat 9:9-17 - as Jesus assosieer met tollenaars. Die beginsel wat hier geld is: dat ons nie mense se optrede moet oordeel voordat ons hulle hart-motiewe vasgestel het nie (Mat 7:1; 9:12; Rom 14:10-13).

**Situasie 2:** Die korrekte antwoord is **(c)**. Vgl Mat 7:6 - om jou pêrels voor die varke te gooi. Die beginsel wat hier geld is: Alle mense is nie op dieselfde tyd gereed om ‘n bepaalde geestelike waarheid te begryp en te aanvaar nie. Daarom is wysheid noodsaaklik.

**Situasie 3:** Die korrekte antwoord is **(b)**. Vgl Mat 12:1-8. Jesus het die vierde gebod verbreek soos die mense van sy tyd dit geïnterpreteer het. Die beginsel wat hier geld is: Die mens is nie gemaak om reëls te gehoorsaam nie. Reëls is daar om die mens te dien (Mrk 2:27).

**Situasie 4:** Die korrekte antwoord is **(d)**. Vgl Mat 5:21-48 - as Jesus sê “Maar Ek sê vir julle ...”. Die beginsel wat hier geld is: As ons met ‘n nuwe waarheid gekonfronteer word, moet ons die Skrif ondersoek om dit te probeer waar bewys (Hand 17:11).

Sê vir my, in die lig van jou antwoorde: Sou jy ook, soos die fariseërs, vir Jesus gekruisig het? Ek moet eerlik wees. Ek sou dit baie beslis ‘n jaar of wat gelede gedoen het!

Die fariseër in ons elkeen maak dit soms baie moeilik vir ons om ongehinderd na die stem van die Heilige Gees in ons te luister. Dit maak dat ons soms met soveel vooroordeel en agterdog luister. En soms moet hierdie vooroordeel en agterdog eers soos mure rondom ons afgebreek word, voordat ons ten volle oop kan wees vir Sy werk in ons.

Ek glo werklik dat fariseïsme en ook wettisisme ons verhoed om baie dinge duidelik te hoor wat die Here vir ons wil sê.

Daarom glo ek, wou God baie keer deur profete in ons eie geledere met ons praat, maar ons het hulle nie herken nie, en het ons hulle te maklik en te gou veroordeel.

God is besig met ‘n nuwe ding dwarsdeur die kerklike wêreld. Baie van die boeke wat daagliks verskyn en preke wat gepreek word, is niks anders as die fariseër in ‘n moderne gedaante nie. Wat al wat nuut en anders is, wil veroordeel.

Godsdienstige mense is seker die laaste mense wat bereid is om te verander, want hulle glo wat hulle glo is van God af en intussen moet God ook vir hulle Hand 7:51 en 52 sê.

Daarom wil ek hê jy moet erns maak met die vraag hoeveel van die fariseër werklik nog in jou oor is?. Die meeste van ons wil dit in die begin nie erken nie. Maar daar in die direkte teenwoordigheid van die Here, waar ek werklik stil-word in Sy teenwoordigheid, kry die Heilige Gees kans om ons ook hiervan te oortuig.

Die meeste van ons kom uit kerklike tradisies wat so wetties ingestel is of was, dat ons swaarkry om vanuit God se genade oor dinge en mense, en oor

onsself te dink.  Daarom is dit baie belangrik om die volgende kenmerke van wettisisme dadelik raak te sien:

- Die wet wil net heeltyd doen.  Genade sê:  Glo dat Jesus Christus dit in jou wil doen ...
- Die wet sê:  Streef.  Probeer jou bes.  Genade sê:  Hou op probeer en gaan sit en ontspan in Jesus se rus.
- Predikers van die wet fokus heeltyd op wat jy moet doen en al die reëls wat jy moet nakom.  Terwyl predikers van die genade fokus op Jesus en die vloei van Sy nuwe lewe in jou.
- Predikers van die wet laat jou heeltyd skuldig en veroordeel voel.  Die predikers van die genade bring vryheid, verlossing en vrede in die harte van hulle hoorders.

Kom ek wees eerlik:  Ek het my hele lewe as't ware in 'n netjiese hokkies gelewe, waar alles "prim en propper" en netjies gemaak inpas is.  Elke ding in my geloof, in my teologie en uit die Skrif, het ek maak pas in sy hokkie.  Ja, soms moes ek die hokkie 'n bietjie groter maak of soms dinge wat ek nie kon maak pas nie, uitgooi ...  Daarom het ek vir elke ding beginsels en reëls gehad: hoe en hoeveel om te getuig; hoe om te bid; hoe om vrees te hanteer; hoe om my vlees te kruisig; hoe om aan te hou bly wees ten spyte van omstandighede, ens.

Maar in die proses is ek byna versmoor deur 'n gevoel ek kan nie ...  Ek het heeltyd skuldig gevoel omdat dit nie goed genoeg was nie.

Toe kom die Here en begin my hokkies omkrap.  Alles was eers so "Gereformeerd" daar!  Toe bring Hy 'n Engelse Baptis daar in, en toe 'n Charismaat ...

Toe ontdek ek die Heilige Gees as 'n lewende Persoon in my lewe, met wie ek elke dag 'n lewende liefdesverhouding kan hê.  En Hy het met op ander maniere as wat ek gewoond is begin praat en ek met Hom.  Hy het my begin lei in wat ek gedoen het, ja, selfs vir my begin sê met wie ek moet gesels en vir wie ek moet bel.  En stelselmatig, want dit was maar 'n leerproses, het ek geleer om saam met Hom te vloei.  Ja, om iets te begin beleef van dit waarvan Jesus van praat daar in Joh 7:38 en 39.

Ek het geleer om God se stem hier binne-in my tussen al die ander stemme uit te ken.  En dit het my lewe verander!

Ek het opgehou om myself heeltyd te veroordeel en om ander te wil veroordeel.  In plaas dat ek die rol van die bose in mense se lewens meer gespeel het (Open 12:10) van aanklaer, het ek die rol van die Heilige Gees begin speel (Joh 14:16), naamlik deur vir hulle 'n helper, 'n ondersteuner en 'n vriend te wees.

Ek het ,deur die lewe van Christus deur sy Gees in my, ontdek om barmhartig en geduldig met myself en ander te wees.

Ek het geleer om profete om my ruimte te gee en hulle nie sommer te stenig nie. Ja, om selfs vir ‘n Martin Luther en ‘n Calvyn, ‘n Charles Wesley en ‘n Charles Finney te herken as profete in hulle tyd. Maar om ook raak te sien dat God in die twintigste eeu nog steeds besig is met die restourasie van die volle waarheid in die kerk. En dat daardie restourasie-proses kan maak dat ons van vooraf weer begin dink en luister na die Skrif oor die doop/salwing van die Heilige Gees, en oor die bedieninge van die Heilige Gees deur al sy gawes in die Kerk.

As ‘n mens in die lig hiervan terugkyk oor die gebeure in hierdie eeu, herken jy die werk van God deur Sy Gees as ons lees hoe die Here ...

- In 1940 die plek van genesing in die lewe van die kerk begin herstel het deur iemand soos Oral Roberts.
- Kenneth Hagin in 1950 gebruik het om die plek te beklemtoon van geloof en die krag wat aan die werk kom as ons die Woord van God begin bely.
- In 1960 Derek Prince gebruik om die kerk te begin leer wat die plek van bevryding is in die bediening van gelowiges.
- In 1970 dieselfde Derek Prince gebruik om ons te begin leer wat die rol is van ‘n herder in die kudde en die noodsaak om verantwoordelikheid vir mekaar te neem.
- Dr David Yonggi Cho gebruik om die kerk te leer om terug te keer na die Bybelse model van huisselle.
- In 1980 ‘n hele aantal waarhede weer vir ons begin oopbreek, soos oor innerlike genesing; die posisie van die gelowige voor God; die luister na God se stem; die plek van lof en aanbidding, selfs hoe ons deur dansbewegings die Here kan aanbid.

Sê vir my, hoe oop was jy vir die Here se werking deur hierdie mense? Het jy hulle herken as profete van die Here, of het jy hulle net heeltemal veroordeel? Is jy ook geneig om profete om jou te vinnig te stenig?

Daar is natuurlik ‘n paar redes voor hoekom ons so maklik ander veroordeel of afsydig staan teenoor al hierdie “nuwe dinge”. Toets jouself daaraan en praat dit met die Here deur:

- Baie keer is die profetiese woord versluierd, en kan net mense dit verstaan wat reeds geestelik daarvoor voorberei is.
- Baie keer is die profeet so angstig om aan ander te vertel wat hy gehoor of geleer het, dat hy die profetiese waarhede afdruk in kele van mense wat nie gereed daarvoor is nie, of dit nie wil hoor nie.
- Baie keer vertel mense wat die profeet gesê het aan ander voordat hulle self dit behoorlik verteer het, en verwring dit die boodskap in die proses.
- Baie keer is daar by baie van die profete ‘n geneigdheid om net daardie een waarheid die alfa en die omega te maak.
- ‘n Blokkasie in profete se lewe is baie keer ‘n soort trots van “ek weet tog iets wat jy nie weet nie” of “kom ek leer jou ...”
- Trots in die hoorder se lewe kan maak dat hy/sy nie oop genoeg is vir waarhede wat die Here nou vir hom/haar wil leer nie.

- Soms gebruik ons die Skrif om te bewys dat wat die profeet gesê het nie waar is nie.
- Ons haak partykeer vas in allerlei onbelangrike gegewens wat die profeet gesê het, sonder om die hart van sy boodskap te hoor en daarmee erns te maak.

## *8. Toets dit*

Deur die genadewerk van die Heilige Gees het jy in die voorafgaande studies geleer om, soos 'n Habakuk daar in Hab 2:1 en 2 gesê het ...

- stil te word in die teenwoordigheid van die Here
- en te luister na wat die Here se stem vir jou sê
- en te kyk of die Here deur drome en visioene nie ook vir jou 'n prentjie van Sy planne wil gee nie.

Maar ons het ook mekaar heeltyd herinner daaraan dat daar ook ander stemme heeltyd met ons aan die praat is. Daarom is dit lewensnoodsaaklik dat ons vir onsself remme sal inbou in hierdie proses wat ons kan verhoed om op 'n dwaalspoor te beland of bedrieg te word.

Daarom is dit wat Hab 2:2 sê ook 'n belangrike stap in hierdie dialoog met God, naamlik om dagboek te hou van wat jy hoor en sien.

Om dagboek te begin hou is werklik 'n wonderlike metode om jou te leer om die stem van die Here tussen ander stemme te onderskei.

Deel hiervan is om byvoorbeeld doodgewoon jou eie gebedsversoeke of vrae neer te skryf, asook wat jy ervaar die Here antwoord. Die hele Psalmboek in die Bybel is immers die vrug van as't ware "dagboek-hou" van sulke dialoë met God. En so ook elke boek van die verskillende profete in die Ou Testament, asook die boek, Openbaring.

God praat aanmekaar met ons as Sy kinders. Maar omdat ons nie altyd seker is of dit Sy stem of ons eie gedagtes is nie, is ons bang om in die geloof uit te stap en te gehoorsaam wat Hy gesê het. Deur te begin dagboek hou van dit wat ons in geloof aanvaar van God afkom, gee ons onsself geleentheid om weer en weer te toets of dit van God afkom. En bied ons onsself sommer ook geleentheid om na 'n tyd te sien watter verdieping daar in ons verhouding met God gekom het.

Maar een van die belangrikste redes waarom ek dagboek hou van wat ek hoor is dat ek so ook werklik erns maak met God se spreke met my persoonlik in die hier-en-nou. In 1 Tess 5:19-24 leer Paulus ons om nooit God se spreke met ons - op welke wyse dan ook al - gering te skat nie. Dit is ook 'n baie relevante woord vir ons in hierdie verband. Hy sê:

- Moet nooit die Heilige Gees se werk in jou lewe teenstaan nie ("quench" sê die Engels)
- Daarom moet ons elke profesie, en dit wat ons beleef as woord van God aan my persoonlik, nie geringskat nie

- Toets dit
- Behou wat goed is
- Bly weg van dit wat sleg is

Volwasse Bybelse toetse vir wat van God af is, is daarom altyd die volgende:
1. Het jy vrede daaroor? Kol 3:15
2. God het aan elkeen van ons, deur die inwoning van Sy Gees, ‘n soort ingeboude Urim en Tummim - stene wat die priester in die Ou Testament gebruik het om God se “Ja” of “Nee” te bepaal - gegee. Kyk na 1 Sam 28:6 en 1 Kon 22:7 ook in hierdie verband.
3. Klop dit met die Woord? Deut 13 bly vandag nog van krag.
4. Realiseer dit? Deut 18:22
5. Bevestig die Here dit deur tekens en wonders? Lees Luk 2:12 en Rig 6:36 in die verband.
6. Ef 5:21 leer ons om onsself aan mekaar te onderwerp. En dan veral, in die lig van Heb 13:17, aan die geestelike gesagsfigure in ons lewe. Ons is deel van die Liggaam van die Here Jesus hier op aarde, en geniet daarom ook hul geestelike beskerming. Prakties sou dit dus beteken om twee of drie geestelike mentorfigure in jou lewe toe te laat, met wie jy deel wat jy in jou dagboek neerskryf. Luister na hulle belewing van dit wat jy gehoor en gesien het, en laat hulle jou help onderskei wat van God af kom en wat nie.

Ander praktiese wenke wat jou kan help om jou dagboek-skrywery so sinvol as moontlik te maak is die volgende:

- Sorg dat die tye wat jy dagboek skryf tye is wat jy nog uitgerus is. Vroeg in die oggende is van jou beste tyd. Gebruik jou beste tyd van die dag vir jou gesprek met God.
- ‘n Gewone notaboek is heeltemal voldoende. Jy kan natuurlik ook dit tik as dit vir jou makliker is.
- Gebruik kodeskrif as dit nodig is.
- Skryf elke keer die datum neer.
- Skryf jou gesprekke met God daarin, jou drome en hulle interpretasie (na jou mening), jou visioene en ander prentjies wat die Here jou gee, maar ook persoonlike gevoelens, emosies en omstandighede wat van belang is.
- Baie keer beleef ‘n mens ‘n stuk heelmaking en vertroosting terwyl jy dagboek skryf deur die werking van die Heilige Gees hierbinne in jou (1 Kor 14:3). Skryf iets hiervan neer, asook ander gawes van die Gees wat die Here in hierdie tyd vir jou mag gee soos woorde van wysheid, woorde van kennis, profesieë, ens.
- Hoe beter ‘n mens die Woord van God ken, hoe meer kan die Heilige Gees werklik vir jou Rhema-woorde gee wat vir jou in die hier-en-nou lewe en sin in die gebeure inspreek.
- ‘n Goeie les uit baie ander gelowiges se ervaring, is om nooit te veel aandag te gee aan datums en tye wat jy in hierdie tyd hoor nie.

‘n Paar woorde van waarskuwing is hier gepas:
1. Bid die Here werklik vir ‘n leerbare en nederige gees. Moet nooit maak asof elke woord wat jy hoor beslis die stem van die Here is nie.

2. In die mate wat jy die Woord van God werklik in sy geheel ken, kan jy rhema-woorde toets aan die Logos-woorde soos dit in die Skrif staan.
3. Wees heeltemal onderwerp aan die plaaslike gemeente en geestelike leierskap.
4. Wees werklik op jou hoede vir jou eie begeertes wat telkens op elke bladsy "ongemerk" wil infiltreer.
5. Onthou, as gevolg van keuses wat jy uit vrye wil maak, kan dit wat God vir jou en ander beplan het, nie altyd realiseer nie. God stap nooit oor die vrye wil van jou en my nie.
6. Dagboekskrywery is net 'n instrument. Dit is nie die alfa en die omega in die liefdesverhouding en liefdesgesprek tussen jou en God nie. Dit is wel 'n baie kragtige en nuttige instrument, maar God praat ook baie keer op heeltemal ander maniere met jou. Sy Gees is mos die hele tyd besig om hierbinne met my te praat, nie net wanneer ek aan die skrywe is nie. Hy praat met my elke keer as ek met die Skrif besig is. Hy praat deur die raad van ander gelowiges met my. En soms deur omstandighede, deure wat oopgaan en toegaan. En deur drome.

Toe iemand Oral Roberts gevra het "Wat kan ek doen om te leer om te hoor as God met my praat?" het hy geantwoord: "Jy moet net ernstig genoeg begeer om werklik Sy stem te hoor ...".

Blaai na Heb 10:19-22. As ons stil word voor die Here om Sy stem te hoor, vertel die Hebreërskrywer vir ons dat ons hart deur vier dinge gekenmerk moet word:

- Dit moet opreg wees - Daar kan dus nie sprake wees van enige voorgee of leuens nie.
- Die gesprek tussen my en God moet plaasvind in 'n atmosfeer van liefde, aanbidding, lof, en 'n opregte soeke na God en sy wil.
- Ek moet aan God se beloftes vasklou - Heb 11:6. Daarom weet ek, en glo ek, dat God elke keer daar is om my te ontmoet en om met my te praat, en aan my alles te gee en te wys wat ek nou nodig het. Sy Naam is immers Immanuel, God met ons.
- Omdat ek vasklou in die geloof aan die volkome versoeningswerk wat Christus aan die kruis vir my gedoen het, veroordeel my hart en gewete my nie meer nie (1 Joh 3:21).
- Maar omdat ek weet dat onbelyde sonde hierdie kommunikasiekanaal tussen my en God blokkeer, hanteer ek dit dadelik.

Natuurlik gaan die bose dag vir dag allerlei ander gedagtes hier by my laat opkom: Gedagtes van skuld, minderwaardigheid, mislukking, twyfel, onsekerheid, gebondenheid, vooroordele, gebrekkige konsentrasie, vuil gedagtes, ens. En ons sal dag vir dag gedissiplineerd moet kies om die wapenrusting van Ef 6 aan te trek en vas te staan in die Here en in Sy krag.

Ef 5:25 en 26 het ons geleer dat ons skoon gewas is deur die bloed van Jesus. Deur die wedergeboorte en bekering het Hy ons heeltemal skoongewas. Nou is dit nog net ons voete en hande wat dag vir dag skoongewas moet word (Joh 13:10 en 1 Joh 1:9).

Deel van elke dag se dissipline om op God se golflengte te bly is werklik om elke dag die Here te vra om jou te kruisig sodat jy dood kan wees en Hy in jou kan lewe (Gal 2:20). Alleen dit sal jou weerhou van woede, bitterheid, negatiwiteit, moedeloosheid, ens. Dit sal jou laat vashou aan Jesus en Sy lewe en oorwinning in jou.

Glo ook dat die Here getrou is en ook die gelowige gemeente om jou wil gebruik om jou te bedien met Sy Woord en Sy hart vir jou lewe (Heb 10:23-25). Wees dus ook oop daarvoor in jou soeke na God se stem in jou lewe.

Soms is dit nodig om deur spesiale tye van vas en gebed te soek na die Here se wil vir jou lewe. Jes 58 spel uit wat Bybelse vas werklik beteken en wat die vrug daarvan in 'n mens se lewe kan wees. Jy sal, soos die meeste ander gelowiges, ook ontdek dat dit baie keer die maksimum-groei-tydperke in jou lewe is!

## *9. Luister in die praktyk*

Jesus Christus het vir ons die weg oopgemaak om in die Allerheiligste in te beweeg deur die voorhangsel vir ons te skeur en ons met Sy bloed te besprinkel. Hy gee aan ons die voorreg om direkte toegang en persoonlike gemeenskap en geselsies te hê met die Vader en die Seun deur die Heilige Gees.

Dit is nie 'n gekompliseerde ding nie. Jesus sê immers: "Ek is die Weg" daar in Joh 14:6. Hy het reeds alles gedoen wat nodig is: Hy het Sy bloed gestort en ons daarmee nuut gemaak. Hy het geloof in ons geplant. Hy het ons na Hom toe getrek. Ons hoef maar net die gewillige erdekruikhouers te wees om die reeds-gedane-werk van Christus in geloof te ontvang. En om dan in geloof ons liefde en fokus heeltyd op Hom te vestig vir die res van ons lewe.

Dan sal elkeen van ons, as Sy skape, "Sy stem hoor". So belowe Hy immers in Sy Woord.

In die vorige afdelings het ons daarop gekonsentreer hoe om al fyner ingestel te word sodat ons Sy stem duideliker kan hoor en kan onderskei tussen al die ander stemme in ons lewe.

Wat hierna gaan volg is 'n kort opsomming van vrae wat jy in die praktyk kan vra om jou te help om presies agter te kom waarom en waar daar blokkasies voorkom wat jou verhoed om te hoor as God praat.

Onthou, jy hoef nou nie elke keer eers hierdie lysie deur te gaan as jy met die Here begin gesels nie. Gewoonlik gaan sit ons net stil in Sy teenwoordigheid en begin met "Goeie môre, Here! ...", en gesels verder met Hom ... en luister dan na Sy respons. Maar soms ervaar ons is dit asof daar skynbaar geen reaksie van Sy kant af is nie. En dit is dan wat hierdie lysie ons kan help om die fout op die regte plek te gaan soek.

A. VRAE TYDENS MY "TABERNAKEL-ERVARING":

1.  By die altaar -  Het ek myself as ‘n lewende offer vir Hom aangebied?  Is ek dood vir begeertes van my eie vlees/ou natuur en lewend in Christus as instrument van geregtigheid wat net die wil van God wil doen?
2.  By die waskom -  Is ek besig om op ‘n gereelde basis die Woord te bestudeer, en gehoorsaam ek dit wat God vir my sê om te doen?
3. By die tafel met die toonbrode -  Het ek voortdurend gemeenskap met ander gelowiges in die liggaam van Jesus?  Laat ek toe dat my eie-wil gemaal word deur ander Christenbroers en -susters om my?  Is dit werklik my diepste begeerte om net God se wil te doen?
4. By die kandelaar -  Het ek my verstand vir die Here aangebied om dit te verlig deur Sy Gees?  Bestudeer ek die Skrif met my verstand en my gees om te hoor en te sien wat God daardeur vir my wil openbaar?  Kies ek elke keer om in al my gedagtes en redeneringsprosesse doelbewus ingestem te wees op die leiding van die Heilige Gees?
5.  By die wierookaltaar -  Bring ek gedurig ‘n offer van danksegging en lof aan die Here sodat my emosies en reaksies gedurig onder Sy beheer kan wees?  Beleef ek gedurig emosionele hoogte- en laagtepunte, of is daar ‘n kontinue gesindheid van aanbidding en dankbaarheid wat my help balans behou ten spyte van omstandighede?
6. By die ark van die verbond -  Het ek geleer om in die Here se onmiddellike teenwoordigheid te wandel en beleef ek Sy woord in my hart?

B. VRAE TYDENS MY DAGBOEK-SKRYWERY:
1.  Het ek êrens vir myself elke dag ‘n stil plek en tyd geskep weg van enige onderbrekings?
2.  Kry ek dit werklik reg om stil te word?  Kry ek dit reg om ontslae te raak van die gedagtes wat telkens my aandag wil aftrek?  Is ek gefokus op ‘n prentjie van Jesus?
3.  Is ek gereed om dagboek te hou?  Stimuleer ek die vloei van God se rhema-woorde deur my gesprekke met Hom neer te skryf?

C. VRAE WAT MY KAN HELP OM FYNER INGESTEL TE WEES
1.  Is ek in my hart opreg en 100% eerlik teenoor God?  Is ek vry van enige voorgee en skynheiligheid?  Kry ek dit reg om eerlik met God oor die positiewe en die negatiewe dinge te praat?  Is daar nog dinge wat ek terughou wat blokkasies tussen my en God veroorsaak?
2.  Kom ek elke keer gelowig na God toe?  Het ek ‘n keuse gemaak om elke keer elke woord te glo wat God vir my sê?
3.  Is my gewete skoon?  Het ek alle onbelyde sondes bely voor God en vergifnis daarvoor deur die bloed van Jesus ontvang?  Vertrou ek Hom werklik om my dag vir dag meer en meer te heilig deur die werking van Sy Gees, en om my onbevlek eendag voor God se troon aan te bied?
4.  Het ek elke rhema-woord wat ek in die verlede ontvang het, gehoorsaam?

D. VRAE WAT MY KAN HELP OM BLOKASIES TE VERWYDER
1.  Vra ek dalk vrae vir God wat Hy nie wil beantwoord nie?  Soek ek na inligting wat ek nie nodig het om te weet nie?  Is ek dalk besig om my dagboekskrywery te manipuleer om te sê wat ek wil hê dit moet sê?
2.  Is my motiewe reg?  Het ek vir die Here gevra hoe Hy wil hê dat ek moet bid?

3. Vra die Here dalk vir my om vir ‘n tyd lank te vas om my te antwoord?